

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

FEB / MAR 2006

AARDRYKSKUNDEHG
(Eerste Vraestel: Teorie)

TYD: 3 uur

PUNTE: 320

INSTRUKSIES:

- Beantwoord VIER vrae: EEN uit Afdeling A
EEN uit Afdeling B
EEN uit Afdeling C
Die VIERDE vraag mag uit ENIGE van die oorblywende vrae gekies word.
 - Alle diagramme verskyn in die BYLAE 502-1/X.
 - Nommer alle vrae in die **middel** van jou antwoordboek.
 - Laat telkens ? lyn oop tussen die verskillende onderafdelings van ? vraag.
 - Begin elke antwoord op ? nuwe vraag bo-aan ? nuwe bladsy.
 - Moenie die vraagnommers verander nie – nommer volgens die vraestel.
 - Moenie in die kantlyne van die antwoordboek skryf nie.
 - **Omkring** die vraagnommer wat jy beantwoord het op die voorblad van jou antwoordboek.
 - Skryf **duidelik** en **leesbaar**.
 - Lig antwoorde toe met benoemde sketse, waar moontlik.
 - Krediet sal vir insig gegee word.
-
-

AFDELING A
FISIESE AARDRYKSKUNDE

Beantwoord minstens EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 1

- 1.1 Bestudeer die sinoptiese weerkaart in **Figuur 1.1** en beantwoord die volgende vrae:
- 1.1.1 (a) Watter seisoen word deur die sinoptiese weerkaart verteenwoordig? (1)
- (b) Verskaf TWEE bewyse vanaf die sinoptiese weerkaart om jou antwoord in Vraag 1.1.1(a) te bevestig. (2)
- 1.1.2 Nelspruit en Kaapstad ondervind kontrasterende weerstoestande gedurende hierdie seisoen. Verwys na die diagram en beskryf die weertoestande van hierdie twee nedersettings met spesiale verwysing na
- (a) neerslag, (1)
- (b) wolkbedekking en (1)
- (c) temperatuur. (1)
- 1.1.3 Verwys na weerstelsel **X**, wat vir die weerstoestande in Kaapstad verantwoordelik is.
- (a) Identifiseer weerstelsel **X**. $1 \times 2 = (2)$
- (b) In watter stadium van ontwikkeling is weerstelsel **X**? $1 \times 2 = (2)$
- (c) Beskryf enige DRIE weersveranderings wat ? persoon, wat in plek **M** woon, oor die volgende 24 uur sal ondervind. $3 \times 2 = (6)$
- (d) Verklaar waarom elkeen van hierdie weersveranderings, genoem in Vraag 1.1.3(c), sal voorkom. $3 \times 2 = (6)$
- 1.1.4 Verwys na die DRIE hoogdrukselle **C**, **D** en **E**.
- (a) Identifiseer hoogdrukselle **C**, **D** en **E**. (3)
- (b) Teken ? benoemde skets (met byskrifte) om aan te toon hoe hoogdruksele **E** verantwoordelik is vir die weerstoestande wat by Nelspruit ondervind word. $3 \times 2 = (6)$

- 1.2 Verwys na **Figuur 1.2** wat die dreineerbekkens, stroompatrone en stroomroof naby Graskop in Mpumalanga toon.
- 1.2.1 Wat is ? dreineerbekken? (2)
- 1.2.2 Identifiseer die stroompatroon by **A**. (1)
- 1.2.3 Verwys na dreineerbekken **A**.
- (a) Wat is die stroomorde by **X**? 1x2=(2)
- (b) Verduidelik hoe ? toename in reënval die stroomorde by **X** kan verander. 2x2=(4)
- (c) Verduidelik hoe ? toename in reënval die dreineerdigtheid van dreineerbekken **A** kan verander. 2x2=(4)
- 1.2.4 Verwys na dreineerbekken **B**.
- (a) Identifiseer die kenmerke van stroomroof gemerk **1** tot **5**. (5)
- (b) Noem die erosieproses verantwoordelik vir stroomroof. 1x2=(2)
- (c) Vergelyk en verduidelik die vloeikenmerke van riviere **3** en **4** nadat stroomroof plaasgevind het. 4x2=(8)
- (d) Watter EEN van riviere **3**, **4** of **5** het homself verjong? 1x2=(2)
- (e) Verklaar jou antwoord op Vraag 1.2.4(d). 1x2=(2)
- 1.3 Bestudeer **Figuur 1.3** wat grondprofile toon, voor en na ontbossing in die Graskoparea plaasgevind het.
- 1.3.1 Wat is ? grondprofiel? (2)
- 1.3.2 Identifiseer die lae gemerk **1**, **2** en **3**. (3)
- 1.3.3 (a) Beskryf hoe ontbossing die grondprofiel verander het. 1x2=(2)
- (b) Verduidelik hoekom die verandering genoem in Vraag 1.3.3(a) plaasvind. 2x2=(4)
- 1.3.4 Jy is die voorsitter van ? omgewingsadviesgroep. Skryf ? kort verslag aan die provinsiale regering van Mpumalanga om te verduidelik waarom dit belangrik is om die natuurlike omgewing teen ontbossing te beskerm. 3x2=(6)
- [80]**

VRAAG 2

- 2.1 Verwys na **Figure 2.1** en beantwoord die vrae wat daarop volg.
- 2.1.1 (a) Identifiseer die weerstelsel wat aan die ooskus van Mosambiek geleë is (diagram 2 en 3). (1)
- (b) Verskaf TWEE bewyse vanaf die sinoptiese weerkaart om jou antwoord op Vraag 2.1.1(a) te bewys. (2)
- (c) Verskaf die breedtegraadsligging van die weerstelsel wat jy in Vraag 2.1.1(a) geïdentifiseer het, soos dit in Diagram 2 voorkom. (1)
- (d) Is die breedtegraadsligging wat in Vraag 2.1.1(c) aangedui word normaal vir hierdie weerstelsel? (1)
- (e) Verklaar jou antwoord op Vraag 2.1.1(d) volledig. $1 \times 2 = (2)$
- 2.1.2 (a) Hoeveel weerstelsels soortgelyk aan die een getoon in **Figuur 2.1** het reeds in hierdie gebied voorgekom? $1 \times 2 = (2)$
- (b) Verduidelik jou antwoord in Vraag 2.1.2(a). $1 \times 2 = (2)$
- (c) In watter stadium van ontwikkeling verkeer die stelsel in Vraag 2.1.1(a) op elk van die volgende datums?
21 Januarie
23 Januarie
26 Januarie $3 \times 2 = (6)$
- (d) Gee ? verklaring in jou antwoorde op elk van die datums in Vraag 2.1.2(c). $3 \times 2 = (6)$
- (e) Met verwysing na **Figuur 2.1**, verklaar waarom hierdie weerstelsel verswak en uiteindelik uitsterf. $3 \times 2 = (6)$
- 2.1.3 Indien die weerstelsel in Vraag 2.1.1(a) oor die land beweeg het, sou dit groot skade aan die omgewing aangerig het. Beskryf hoe die mensgemaakte omgewing beskadig kon word. $2 \times 2 = (4)$

2.2 **Figuur 2.2A** toon ? sketskaart van die Magaliesberg en die Witwatersrand. Die Krokodilrivier en Hartbeespoortdam is duidelik sigbaar. **Figuur 2.2B** toon ? dwarsdeursnit deur hierdie twee bergreekse.

- 2.2.1 (a) Wat is die geografiese term wat gebruik word om die geïllustreerde heuwels wat deur die hellende lae veroorsaak word, te benoem? (1)
- (b) Noem die TWEE variante van die landvorme wat in Vraag 2.2.1(a) genoem word. (2)
- (c) Benoem die TWEE hange genummer 1 en 2, in **Figuur 2.2B**. (2)
- (d) Wat is die grootste verskil tussen hange 1 en 2 in **Figuur 2.2B**? (2)
- 2.2.2 (a) Bestaan die Magaliesberg en die Witwatersrand uit weerstand- biedende of nie-weerstandbiedende rots? (1)
- (b) Verklaar jou antwoord op Vraag 2.2.2(a). 1x2=(2)
- (c) In watter rigting sal hierdie twee heuwelreekse skuif indien dit weggeërodeer word? 1x2=(2)
- (d) Verklaar jou antwoord in Vraag 2.2.2(c). 2x2=(4)
- (e) Die relatiewe hoogtes tussen hierdie twee heuwels en die vallei tussen-in sal dieselfde bly. Verklaar waarom dit so sal wees. 2x2=(4)
- 2.2.3 Volgens **Figuur 2.2A**, blyk dit dat die Krokodilrivier deur die Magaliesberg gekerf het. Dit is ? voorbeeld van geërfde dreinerings.
- (a) Watter een is die oudste, die Krokodilrivier of die rotslae van die Magaliesberg waardeur dit kerf? 1x2=(2)
- (b) Verskaf ? rede vir jou antwoord in Vraag 2.2.3(a). 1x2=(2)
- (c) Beskryf kortliks hoe ? geërfde dreineringsstelsel ontwikkel. 2x2=(4)

2.3 Verwys na **Figuur 2.3**, wat ? voedselweb in ? ekosisteem toon.

- 2.3.1 Wat is ? voedselweb? (2)
- 2.3.2 Hoe verskil ? voedselketting van ? voedselweb? (2)
- 2.3.3 Wat is die hoofbron van energie van hierdie ekosisteem? (1)
- 2.3.4 Verduidelik die rol wat sonlig in die stabiliteit van hierdie ekosisteem speel. 2x2=(4)

- 2.3.5 Watter effek sal die afname in die getal van karnivore op hierdie ekosisteem hê? 3x2=(6)
- 2.3.6 Bespreek hoe die mens onstabiliteit in hierdie ekosisteem teweeg kan bring. 2x2=(4)

TOTAAL VIR AFDELING A: [80]

AFDELING B
NEDERSETTINGSAARDRYKSKUNDE

Beantwoord minstens EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 3

- 3.1 Verwys na **Figuur 3.1**, wat landelike nedersettings toon.
- 3.1.1 (a) Waarom kan hierdie nedersetting as landelik geklassifiseer word? (1)
- (b) Identifiseer die nedersettingspatroon wat deur die landelike nedersettings getoon word. (1)
- (c) Gee EEN rede vir jou antwoord op Vraag 3.1.1(b). (1)
- (d) Wat is die ekonomiese nadele van hierdie nedersettingspatroon vir die boer? 2x2=(4)
- (e) Gee EEN sosiale voordeel van hierdie nedersettingstipe vir die boer. 1x2=(2)
- (f) Deur te verwys na die diagram, bespreek TWEE fisiese faktore wat ? rol gespeel het in die keuse van standplase van hierdie nedersettings. 2x2=(4)
- 3.1.2 Die ontwikkeling van ? dorp word beplan by **A**.
- (a) Noem en bespreek die tipe dienste wat jy sou aanbeveel om by hierdie nedersetting ontwikkel te word ten einde te verseker dat dit die lewens van die inwoners van hierdie vallei sal verbeter. 3x2=(6)
- (b) Watter maatreëls behoort boere toe te pas om sodoende die opbrengs van hulle landbouprodukte en kwaliteit van hulle veeboerdery te verhoog? 3x2=(6)
- (c) Baie inwoners van hierdie gebied trek uit die omgewing weg om in groot stede te vestig. Verklaar waarom hierdie mense na die groot stede trek, met verwysing na stootfaktore. 3x2=(6)

- 3.2 Met hulle aankoms in die stad, word die nuweling gekonfronteer met ?
 verskeidenheid van stedelike grondgebruiksones en funksies. **Figuur 3.2** stel
 blokdiagramme voor wat die persentasies waarin verskillende grondgebruiksones vanaf
 die SSK tot aan die buitewyke van die stad voorkom, toon. Bestudeer **Figuur 3.2**
 goed voordat jy die vrae beantwoord.
- 3.2.1 (a) Noem TWEE grondgebruiksones wat nie in die kern van die SSK voorkom nie. (2)
- (b) Watter EEN van die grondgebruiksones hierbo kom aan die rand van die SSK voor? (1)
- (c) Waarom kom die twee grondgebruiksones genoem in Vraag 3.2.1(a) nie in die kern van die SSK voor nie. 3x2=(6)
- (d) Waarom kom hierdie grondgebruiksones soos genoem in Vraag 3.2.1(b) aan die rand van die SSK voor? 2x2=(4)
- 3.2.2 (a) Watter persentasie van die grondgebruik word gesamentlik beslaan deur winkels en kantore in die SSK? (1)
- (b) Beskryf en vergelyk die verspreiding van winkels en kantore in die verskillende gebiede van hierdie stad. (3)
- (c) Gee moontlike verklarings vir die verspreiding van winkels en kantore soos in Vraag 3.2.2(b) beskryf word. 3x2=(6)
- (d) Heelwat winkels en kantore kom in die voorstede voor. Wat word hierdie proses genoem waartydens hierdie tipe funksies na die voorstede verskuif? 1x2=(2)
- (e) Verduidelik waarom daar so baie winkels en kantore na die voorstede verskuif. 2x2=(4)
- 3.2.3 (a) Watter persentasie van die grondgebruiksones word beslaan deur fabrieke en pakhuse aan die rand van die SSK? (1)
- (b) Sal hierdie nywerhede ligte of swaar nywerhede wees? (1)
- (c) Waarom verkies hierdie nywerhede ? randligging? 3x2=(6)
- 3.2.4 Buite die rand van die stad word die landelik-stedelike oorgangsones gevind.
- (a) Wat is die landelik-stedelike oorgangsones? (2)
- (b) Noem TWEE stedelike funksies wat hier gevind word. (2)
- (c) Waarom is hierdie tipe funksies hier geleë? 2x2=(4)

- (d) Baie mense wat in die landelik-stedelike oorgangsones woon, is nie plaasboere nie. Waarom verkies hierdie mense dan om hier te woon? 2x2=(4)
[80]

VRAAG 4

- 4.1 Verwys na **Figuur 4.1**, wat ? landelike gebied toon.
- 4.1.1 (a) Identifiseer die nedersettingspatroon by **X**. (1)
- (b) Gee EEN rede vir jou antwoord op Vraag 4.1.1(a). (1)
- 4.1.2 (a) Gee TWEE ekonomiese voordele vir die boere wat by **X** woon. 2x2=(4)
- (b) Gee EEN sosiale nadeel vir die boere wat by **X** woon. 1x2=(2)
- 4.1.3 Die inwoners van **X** is kommersiële boere en dié by **Y** is bestaansboere. Verduidelik die verskil tussen ? kommersiële boer en ? bestaansboer. 2x2=(4)
- 4.1.4 (a) Baie van die inwoners van nedersetting **Y** trek na groter stede. Verduidelik waarom deur te verwys na trekfaktore. 2x2=(4)
- (b) Bespreek die gevolge van hierdie bewegings op die stede. 2x2=(4)
- 4.1.5 ? Bedrag van R5 miljoen, voorsien deur die HOP-fonds, is bewillig om ? gesondheidskliniek in hierdie landelike gebied te vestig. Jy word genader om ? kliniek by **B** te bou.
- (a) Waarvoor staan die letters **HOP**? (3)
- (b) Noem die voordele van ? gesondheidskliniek by **B**. 2x2=(4)
- (c) Noem TWEE probleme wat ondervind kan word met die oprigting van die kliniek. 2x2=(4)
- (d) Behalwe vir gesondheidsorg, noem TWEE ander dienste wat ook in hierdie gebied voorsien behoort te word. 2x2=(4)
- 4.1.6 Baie van hierdie mense wat na die stad verhuis, eindig uiteindelik in informele nedersettings (plakkerskampe), soos die een by **A**.
- (a) Wat is ? informele nedersetting? (2)
- (b) Waarom ontwikkel informele nedersettings? 2x2=(4)
- (c) Gee moontlike redes vir die ligging van die informele nedersetting by **A**. 2x2=(4)

- (d) Hierdie informele nedersetting is baie naby aan ? rivier geleë. Bespreek die probleme wat kan ontstaan as ? nedersetting so na aan die rivier geleë is. 2x2=(4)

4.2 Verwys na **Figuur 4.2** wat ? tipiese groot stad toon waarheen migrante vanaf die landelike gebiede sal verhuis. Die skets toon hoe drasties die stad na 1940 gegroei het. Bestudeer die skets deeglik voordat die volgende vrae beantwoord word.

4.2.1 Verklaar hierdie snelle groei van die stad met verwysing na die volgende terme:

- (a) Stedelike groei (2)
- (b) Stedelike uitbreiding (2)

4.2.2 Verstedeliking kan op twee wyses gemeet word. Verduidelik die volgende twee terme wat gebruik word om verstedeliking te meet:

- (a) Vlak van verstedeliking (2)
- (b) Tempo van verstedeliking (2)

4.2.3 (a) Verduidelik hoekom die SSK beskryf kan word as ? voorbeeld van sentralisasie. 1x2=(2)

(b) Baie van die funksies tipies van die SSK word verskuif na voorstede in winkelsentrums. Waar, by **K** of **L**, sal jy ? groot winkelsentrum plaas? 1x2=(2)

(c) Gee TWEE redes vir jou antwoord op Vraag 4.2.3 (b). 2x2=(4)

(d) Hoe sal die inwoners daar naby voordeel daaruit trek om naby ? groot winkelsentrum te woon? 3x2=(6)

4.2.4 Drie verskillende residensiële gebiede in die stad kan in **Figuur 4.2** waargeneem word.

(a) Watter enkele faktor word in oorweging geneem om te onderskei tussen die drie residensiële gebiede? (1)

(b) Bespreek die faktore wat ? rol gespeel het in die ligging van die lae-inkomste en hoë-inkomste residensiële gebiede. Verwys na TWEE faktore vir elk van die genoemde twee gebiede. 4x2=(8)

TOTAAL VIR AFDELING B: [80]

AFDELING C
SUID-AFRIKAANSE AARDRYKSKUNDE

Beantwoord minstens EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 5

GAUTENG	Inligting: Gauteng
Die kleinste van Suid-Afrika se nege provinsies, die digste bevolk en die rykste, maar Gauteng produseer meer as 30% van die B.B.P., het die hoogste per capita-inkomste en dien as die hart van Suid-Afrika se ekonomie. Die Witwatersrandkonurbasie is gerugsteun deur goud en hierdie metaal speel vandag nog steeds 'n belangrike rol, maar nie 'n dominante een nie. Swaar industriële, vervaardiging, die handelsektor en finansiële en ander sektore is nou die hoofrolspelers.	<p>Oppervlakte: 17 010 km² Persentasie van totale oppervlakte van S.A.: 1,4 % Bevolking: 9,2 million Persentasie van totale bevolking: 19,7% Hoof taalgroepe: IsiZulu (21%) English (13%) Afrikaans (17%) Ekonomiese aktiwiteite: Goudmynbou, swaar en ligte nywerhede, bankwese, finansies en boerdery. Persentasie van totale B.B.P.: 33,9%</p> <p>(Aangepas en vertaal uit <i>World Atlas for South Africans</i>)</p>

5.1 Verwys na die inleidingsparagraaf, asook die kaart in **Figuur 5.1** voordat die vrae hieronder beantwoord word.

5.1.1 Wat is die hoofstand van Gauteng? (1)

5.1.2 Noem Gauteng se VIER buurprovinsies. (4)

5.1.3 Identifiseer die hoof permanente rivier wat die suidelike grens van die provinsie vorm. (1)

5.2 Verwys na **Figuur 5.2A** en **5.2B** wat die temperatuur- en reënvalverspreiding van Johannesburg toon.

5.2.1 **Figuur 5.2A** toon die gemiddelde daaglikse temperatuurspeling vir Januarie en Julie.

(a) Wat word bedoel met gemiddelde daaglikse temperatuurspeling? 2x2=(4)

(b) Gedurende watter een van die twee maande is die gemiddelde daaglikse temperatuurspeling die grootste? 1x2=(2)

(c) Verklaar jou antwoord op Vraag 5.2.1(b). 2x2=(4)

5.2.2 **Figuur 5.2B** toon die totale reënval vir Januarie en Julie.

- (a) Hoe word die totale reënval per maand bereken? 1x2=(2)
- (b) Waarom is Januarie se totale reënval heelwat hoër as Julie s'n? 2x2=(4)
- (c) Watter tipe reënval ondervind die Gauteng-omgewing? 1x2=(2)
- (d) Die tipe reënval geïdentifiseer in Vraag 5.2.2(c) kan aanleiding gee tot grootskaalse gronderosie. Verklaar waarom. 2x2=(4)

5.2.3 Die klimaat van Gauteng kan ? groot verskeidenheid natuurlike plantegroeitipes onderhou, meesal in die vorm van grastipes.

- (a) Is natuurlike plantegroei ? hernieubare of nie-hernieubare hulpbron? 1x2=(2)
- (b) Heelwat van hierdie natuurlike plantegroei is uitgewis as gevolg van stedelike uitbreiding en mynbou. Bespreek hoe dit gelei het tot ? wanbalans in die natuurlike plantegroei. 2x2=(4)
- (c) Stel moontlike oplossings voor om hierdie wanbalans in die natuurlike plantegroei teë te werk. 2x2=(4)

5.3 Die natuurlike hulpbronne van Gauteng het ? groot aantal mense hierheen gelok. Maar, soos wat die bevolkingsdigtheid toeneem, neem die vernietiging van die omgewing ook toe.

5.3.1 Verwys na die inligtingskolom voor Vraag 5.1 en bereken die bevolkingsdigtheid van Gauteng, deur die volgende formule te gebruik.

$$\text{Bevolkingsdigtheid} = \frac{\text{Aantal mense}}{\text{Oppervlakte (km}^2\text{)}} \quad (4)$$

5.3.2 Bespreek hoe ? toename in bevolkingsdigtheid in Gauteng die volgende aspekte sal beïnvloed:

- (a) Werkverskaffing 1x2=(2)
- (b) Besoedeling 1x2=(2)
- (c) Behuising 1x2=(2)
- (d) Waterbronne 1x2=(2)

- 5.4 Mynbou het ? belangrike rol in die ekonomie van Gauteng gespeel, asook in Suid-Afrika as ? geheel.
- 5.4.1 Is mynbou ? primêre, sekondêre of tersiêre ekonomiese aktiwiteit? (1)
- 5.4.2 Op watter wyse was mynbou belangrik vir die ekonomiese ontwikkeling van Gauteng? 3x2=(6)
- 5.4.3 Bespreek DRIE remfaktore wat die mynbousektor ondervind. 3x2=(6)
- 5.5 Gauteng beskik oor ? baie belangrike nywerheidsgebied in die PWV-area.
- 5.5.1 Waarvoor staan die letters PWV? (1)
- 5.5.2 Watter TWEE faktore het nywerhede na hierdie gebied gelok? (2)
- 5.5.3 Noem TWEE tipes nywerhede wat in die PWV-gebied voorkom. (2)
- 5.5.4 Bespreek die impak van MIV/Vigs op die arbeidsmag van hierdie nywerhede. 2x2=(4)
- 5.6 Gauteng dra tans meer as 30% by tot die B.N.P. en 15,8% tot die B.B.P. van Suid-Afrika.
- 5.6.1 Wat beteken die terme B.N.P. en B.B.P.? 2x2=(4)
- 5.6.2 Bespreek hoe MIV/Vigs waarskynlik Gauteng se bydrae tot Suid-Afrika se B.B.P. sal beïnvloed. 2x2=(4)
- [80]**

VRAAG 6

DIE DRAKENSBERGE

Dié indrukwekkende bergreeks, bekend as die Drakensberge, is deel van die Platorand wat, eerder soos ? reuse perdeskoen, suidwaarts strek, dan oos-wes en weer noordwaarts om ? U-vorm aan te neem, wat die relatief smal kusvlaktes van die groot plato van die binneland van mekaar te skei. Die reeks is op sy hoogste in Lesotho. In visuele terme is dit op sy indrukwekkendste in die ooste, waar die hoogtes met ongeveer 2 000 m val na die groen middellande van KwaZulu/Natal.

Oorgeneem uit *Traveller's Guide to South Africa* (Peter Joyce)

- 6.1 Verwys na die inleidingsparagraaf, asook na **Figuur 6.1** voordat die vrae beantwoord word.
- 6.1.1 Die Drakensbergreeks toon die rand van die binnelandse plato aan. Definieer die term plato. (2)

- 6.1.2 (a) Wat is die naam van Suid-Afrika se buurstaat waarin ? deel van die Drakensbergreeks gevind word? (1)
- (b) Noem die provinsies waaroorheen die Drakensbergreeks strek. (3)
- 6.2 Die Drakensbergreeks vorm ook ? waterskeiding en baie riviere het hulle oorsprong hier.
- 6.2.1 Definieer die terme waterskeiding en oorsprong. (4)
- 6.2.2 Vanaf hulle oorsprong in die berge, volg die riviere hulle weg na die kus.
- (a) In watter rigting vloei die riviere wat die kusvlaktes dreineer? 1x2=(2)
- (b) Na watter oseaan vloei hierdie riviere wat die kusvlakte dreineer? 1x2=(2)
- (c) In watter algemene rigting vloei die riviere wat die plato dreineer? 1x2=(2)
- (d) Na watter oseaan vloei die binnelandse riviere? 1x2=(2)
- 6.2.3 Teken die onderstaande tabel in jou antwoordboek oor en vergelyk die riviere wat die kus dreineer met die riviere wat die plato dreineer. Kies jou antwoorde uit die woorde tussen hakies. (6)

	Kusriviere	Platoriviere
Lengte (lank / kort)		
Snelheid (hoog / laag)		
Erosievermoë (hoog / laag)		

- 6.3 Die Oranjerivier, wat sy oorsprong in die Drakensberge het, is deel van ? groot wateroordragskema. Verwys na **Figuur 6.3** wat hierdie oordragskema toon.
- 6.3.1 Wat is die naam van die wateroordragskema? 1x2=(2)
- 6.3.2 Waarom was die bou van hierdie wateroordragskema noodsaaklik? 1x2=(2)
- 6.3.3 (a) Hoe trek Suid-Afrika voordeel uit hierdie wateroordragskema? 1x2=(2)
- (b) Hoe trek Lesotho voordeel uit hierdie wateroordragskema? 1x2=(2)


- 6.3.4 Die konstruksie van hierdie wateroordragskema beteken nie net die bou van damme nie, maar ook die aanlê van ? hele nuwe infrastruktuur (kommunikasienetwerk).
- (a) Bespreek die voordele van hierdie konstruksie vir Lesotho. 2x2=(4)
- (b) Bespreek die nadele van hierdie konstruksie vir Lesotho. 2x2=(4)
- 6.3.5 Hierdie wateroordragskema het ook ? invloed op die toerisme in Lesotho.
- (a) Waarom word toerisme beskou as ? tersiêre ekonomiese aktiwiteit? 1x2=(2)
- (b) Bespreek die impak van toerisme op:
- (i) Die ekonomie 1x2=(2)
- (ii) Die omgewing 1x2=(2)
- 6.4 Omgewingsbewing word wyd beoefen in die menige natuurreservate en landelike gebiede van die Drakensberg.
- 6.4.1 Wat word bedoel met omgewingsbewaring? (2)
- 6.4.2 Verskaf TWEE redes waarom dit noodsaaklik is om omgewingsbewaring toe te pas. 2x2=(4)
- 6.4.3 In die landelike gebiede, egter, word omgewingsprobleme soos erosie, besoedeling en plantegroeiwanbalans feitlik orals waargeneem. Bespreek waarom elkeen van hierdie genoemde omgewingsprobleme in landelike gebiede voorkom. 3x2=(6)
- 6.4.4 Volhoubare ontwikkeling word beskou as ? oplossing vir omgewingsprobleme.
- (a) Wat word bedoel met volhoubare ontwikkeling? 1x2=(2)
- (b) Hoe kan volhoubare ontwikkeling help om die omgewingsprobleme gemeld in Vraag 6.4.3 op te los? 2x2=(4)

- 6.5 Bevolkingsdigtheid in die omgewing van die Drakensberg is baie laag en baie inwoners se basiese behoeftes word nie aangespreek nie.
- 6.5.1 Verskaf DRIE voorbeelde van basiese behoeftes. (3)
- 6.5.2 Die HOP (R.D.P.) is ? ontwikkelingsstrategie om die voorsiening van basiese behoeftes aan te spreek.
- (a) Waarvoor staan die letters HOP? (3)
- (b) Wat kan die HOP doen om die tekort aan basiese dienste aan die landelike bevolking in die Drakensberggebied aan te spreek? 2x2=(4)
- 6.5.3 Die Groei, Indiensneming en Herverspreiding- (GEAR) strategie sal die HOP bystaan in die voorsiening van fondse deur middel van uitvoere en beleggings.
- (a) Verduidelik hoe uitvoere en beleggings Suid-Afrika van fondse vir die HOP kan voorsien. 2x2=(4)
- (b) Bespreek waarom werkverskaffing ? sleutelaangeleentheid ten opsigte van ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika is. 1x2=(2)

TOTAAL VIR AFDELING C [80]
[160]

TOTAAL: 320

**SENIOR CERTIFICATE
EXAMINATION
*SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN***



**FEBRUARY / MARCH
*FEBRUARIE / MAART***

2006

**GEOGRAPHY
DIAGRAM BOOK
*AARDRYKSKUNDE
DIAGRAMBOEK***

**First Paper : Theory
*Eerste Vraestel : Teorie***

HG

502-1/X

8 pages / bladsye



FIGURE 1.1

FIGUUR 1.1




FIGURE 1.2

FIGUUR 1.2




FIGURE 1.3

FIGUUR 1.3




FIGURE 2.1

FIGUUR 2.1




FIGURE 2.2A

FIGUUR 2.2A

FIGURE 2.2B

FIGUUR 2.2B





FIGURE 2.3

FIGUUR 2.3




FIGURE 3.1

FIGUUR 3.1





FIGURE 3.2

FIGUUR 3.2




Land use / Grondgebruik

- residential / residensieel
- open space / oop grond
- public buildings / openbare geboue
- industry and warehouses / nywerhede en pakhuisse
- offices / kantore
- shops / winkels


FIGURE 4.1

502-1/X




	Traditional homes
	Farmsteads
	Roads
	Railway lines
	Town
	Station
	Sheds
	Rivers
	Factories

FIGURE 4.2




FIGUUR 4.1

502-1/X



	Tradisionele wonings
	Plaasopstalle
	Paaië
	Spoorlyne
	Dorpe
	Stasie
	Skure
	Riviere
	Fabrieke

FIGUUR 4.2








FIGURE 5.2A
 FIGUUR 5.2A



Average daily temperature
 Gemiddelde daaglikse temperatuur

FIGURE 5.2B
 FIGUUR 5.2B



Rainfall
 Reënval

FIGUUR 6.1




FIGURE 6.1

FIGUUR 6.3





FIGURE 6.3

**SENIOR CERTIFICATE
EXAMINATION
*SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN***



**FEBRUARY / MARCH
*FEBRUARIE / MAART***

2006

**GEOGRAPHY
DIAGRAM BOOK
*AARDRYKSKUNDE
DIAGRAMBOEK***

**First Paper : Theory
*Eerste Vraestel : Teorie***

HG

502-1/X

8 pages / bladsye



FIGURE 1.1

FIGUUR 1.1




FIGURE 1.2

FIGUUR 1.2




FIGURE 1.3

FIGUUR 1.3




FIGURE 2.1

FIGUUR 2.1




FIGURE 2.2A

FIGUUR 2.2A

FIGURE 2.2B

FIGUUR 2.2B





FIGURE 2.3

FIGUUR 2.3




FIGURE 3.1

FIGUUR 3.1





FIGURE 3.2

FIGUUR 3.2




Land use / Grondgebruik

- residential / residensieel
- open space / oop grond
- public buildings / openbare geboue
- industry and warehouses / nywerhede en pakhuisse
- offices / kantore
- shops / winkels


FIGURE 4.1

502-1/X




	Traditional homes
	Farmsteads
	Roads
	Railway lines
	Town
	Station
	Sheds
	Rivers
	Factories

FIGURE 4.2




FIGUUR 4.1

502-1/X



	Tradisionele wonings
	Plaasopstalle
	Paaië
	Spoorlyne
	Dorpe
	Stasie
	Skure
	Riviere
	Fabrieke

FIGUUR 4.2








FIGURE 5.2A
 FIGUUR 5.2A



Average daily temperature
 Gemiddelde daaglikse temperatuur

FIGURE 5.2B
 FIGUUR 5.2B



Rainfall
 Reënval

FIGUUR 6.1




FIGURE 6.1

FIGUUR 6.3




FIGURE 6.3